Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 42

6 Desember 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Die einde van 2024-akademiese jaar is met ons. Dit is met groot dankbaarheid dat ek terugkyk en besef hoeveel seëninge Laerskool Newtonpark tydens hierdie jaar beleef het. Baie dankie aan elke ouer, personeellid en leerling vir die ondersteuning en lojaliteit die jaar.

Mag die Here se liefde in hierdie vakansietyd en feestyd met u almal wees. Mag u almal 'n baie Geseënde Kersfees en 'n baie Voorspoedige 2025 beleef.

Ry veilig, rus lekker en kom veilig terug!

Die skool heropen amptelik op **Woensdag 15 Januarie 2025 om 07:45** vir die leerlinge. Die dag sal begin met 'n saalbyeenkoms waar ouers ook meer as welkom is.

GRAAD R EN GRAAD 1 – 2025
Die skoolhoof, personeel en beheerliggaam van die Laerskool Newtonpark verwelkom u en u kinder(s) vir die nuwe akademiese jaar. Daar is 'n paar sakies wat ons onder u aandag wil bring. Die skool begin op Woensdag, 15 Januarie 2025 om 07:45. **Die graad R- en 1-leerlinge moet u asseblief op Dinsdag, 14 Januarie 2025 om 08:15 in die klasse besorg.** Daar sal klaslyste by die skool se hoofingang opgeplak wees, sodat u seker kan maak van u kind se klas. Die leerlinge sal om 09:15 verdaag. **U seun/dogter kom met gewone klere skool toe die dag.** Die leerlinge sal inligting kry oor wat die prosedure vir die volgende dag sal wees.

SKOOLTYE: 9 TOT 11 DESEMBER 2024
Neem asb. kennis dat die skool **tot en met 10 Desember om 12:00** sluit en op **11 Desember om 10:00** verdaag. Hierdie tye is van toepassing vir graad R tot graad 7.

NASORG
Neem asb. kennis dat nasorg op 11 Desember 2024 om 17:30 vir die vakansie sluit, en weer op 15 Januarie 2025 open.

2025 - KLASINDELINGS
Ek wil ‘n ernstige beroep tot ons ouers rig om asseblief nie met versoeke te kom of die proses te probeer beïnvloed nie. Dit maak die taak vir ons onmoontlik. Die 2025-klasindeling is een van die belangrikste oefeninge waaraan ons baie aandag gee. Indien ‘n ouer egter ‘n versoek het, word dit slegs deur my hanteer.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 6 FEBRUARIE 2025
Ons bring dit solank onder u aandag dat daar een persoon op die beheerliggaam verkies moet word. Die verkiesing gaan op **Donderdag, 6 Februarie 2025** plaasvind. Teken solank die datum van die belangrike verkiesing in u dagboeke aan. Die amptelike kennisgewing sal vroeg volgende jaar aan u deurgee.
Volledige inligting rakende die verkiesingsprosedure sal u ook vroeg volgende jaar bereik!

BENODIGDHEDELYSTE 2025
Die benodigdhedelyste vir 2025 vir graad R tot 7 is op die skool se webwerf geplaas.

VERPLIGTE BENODIGDHEDE: GRAAD 1 TOT 7: 2025
Soos u reeds daarvan bewus is, kan u ons sportklere, skooltas en sportsak ens, slegs by die klerewinkel aankoop.

GEDAGTE VIR RES VAN DESEMBER

BAIE DANKIE
Dankie aan elke Ouer, Oupa, Ouma, Familie en Vriende van Laerskool Newtonpark vir u ondersteuning gedurende 2024. Ek kan u verseker dat ons u ondersteuning hoog op prys stel en wil u ook verseker dat ons altyd net ons beste vir Laerskool Newtonpark en sy leerlinge sal lewer.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Neem kennis dat die klerewinkel Vrydag, 6 Desember vir 2024 sluit, weens voorraadopname.

Ma – 9 Desember	:	***Skool sluit om 12:00 vir leerlinge vir res van die kwartaal**
Di – 10 Desember	:	***Skool sluit om 12:00 vir leerlinge vir res van die kwartaal**
Wo – 11 Desember	:	**SKOOL SLUIT 10:00**

SPORT EN KULTUUR

JUDO
Dentin Maritz in graad 3S het ook op November gradeer en van “2 Mon” oranje gordel na vol oranje gordel gegaan. Hy het op 30 November aan die “MJ’s end of year inter schools competition and award ceremony” saam met ongeveer 90 kinders in spanne deelgeneem en ‘n silwer medalje ontvang. Dentin spog ook met die top toekenning as “Judoka of the Year 2024” trofee. Baie geluk, Dentin!

BINNEHUISE-NETBAL : DANDELIONS

Die Dandelions het Saterdag, 30 November die prysuitdeling bygewoon waar hul algehele 3rde plek in hul liga onder leiding van juffrou Suné Kapp, behaal. Ons is super trots op ons meisies en juffrou Kapp wat haar eie tyd vir hul opgeoffer het om die beste in hul uit te bring. Baie geluk, julle!

BINNEHUISE-NETBAL: NEWTONITES

Die Newtonites O/13-span het Saterdag, 23 November aan die uitspeel-rondte van die “Indoor Action Netball Summer League” deelgeneem en ‘n wen teen Kym & the Kiki’s (waarvoor die nr. 1 Green Mambasspan ingestaan het) aangeteken. Die Newtonites het in 3de plek op die O/13-ranglys van die toernooi geëindig. Hulle het Maandag, 2 Desember die uitdaging aanvaar om teen die Razzmatazz span mee te ding. Hulle het met ‘n 24-16 eindtelling, met die Razzmatazz span afgereken. Baie geluk, meisies!

BINNEHUISE-NETBAL: RAZZMATAZZ

Die o/12A-netbalmeisies het vanjaar aan die 'Junior Indoor Action Netball League' deelgeneem. Hul span, Razzmatazz, het 2de uit 5 spanne in hul ouderdomsgroep geëindig. Hulle is ook as die span wat die beste geklee was van al die O/11- tot O/13-ouderdomsgroepe aangewys. Baie geluk, meisies!

BINNEHUISE-NETBAL: OP-SPAN VERKIESINGS

Hartlik geluk aan die volgende meisies wat aan die binnehuise netbalproewe deelgeneem en tot die 0/12 en 0/13 OP-span vir 2025 verkies is:

0/12 OP-span:

- Lacey van Rensburg (graad 5D)
- Ruzaan de Goede (graad 5F)

0/13 OP-span:

- Lisa Scheepers (graad 6H)
- Marli Stander (graad 6H)
- Miané Taylor (graad 6H)
- Linka van Deventer (graad 6H)

BERGFIETSRY: LONGMORE CLASSIC KOMPETISIE

Ewan Wolmarans in Graad 1C het op 1 Desember aan die Longmore Classic 5km bergfietsrykompetisie deelgeneem en ‘n eerste plek behaal. Baie geluk, Ewan!

KARATE

Ryan Minnie in graad 6W het na pers gordel gegradeer en Jason Minnie in graad 1T het na 'n geel gordel tydens hul karate gradering verlede week gradeer. Baie geluk, manne!

OP-KRIEKETTOERNOOI

Roelof Campher het die OP-O/11 Rooi-krieketspan by Krugersdorp vanaf 29 November tot 3 Desember verteenwoordig. Altesaam 18 streekspanne het 2 x T20-wedstryde per dag gespeel. Roelof het ‘n goeie kolf gemiddeld van 38 in sy 4 kolfbeurte teen die beste boulers in die land gehandhaaf en in sy 8 boulbeurte het hy 4 paaltjies laat kantel. Hy het ook gedurende die laaste 2 dae paaltjiewagter gespeel sodat meer draaiboulers gebruik kon word. Die OP O/11-Rooispan het algeheel 5de geeïndig. Ons is trots op jou, Roelof!